# RPO Markverslag

## Week 04 van 2026

Week geëindig op 23 Januarie 2026





**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 23 Januarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R39.98 | -2.7% | -3.7% | 15.7% |
| A2 (R/kg) | R65.31 | 0.4% | -6.8% | 16.9% |
| B2 (R/kg) | R60.63 | 0.0% | -3.8% | 16.1% |
| C2 (R/kg) | R59.19 | -2.1% | -4.8% | 20.2% |


## Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 4 met 2.7% gedaal teenoor die vorige week en is tans 15.7% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod en swakker vraag na speenkalwers. Die verwagting is steeds dat die prys effens kan styg soos Februarie aanbreek en dan stelselmatig kan begin daal met speentyd in Maart. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Februarie ongeveer R42/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R37/kg en nie hoër as R48/kg behoort te wees nie. Bek-en-klouseer skep steeds groot onsekerheid in die mark en dus gaan speenkalf- en beeskarkaspryse dalk nie die normale seisoenale tendens volg nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 4 sywaarts verhandel en is tans 16.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Dit wil voorkom of die mark begin stabiliseer na die hoë Desember pryse. Die verwagting is steeds dat die prys tot in Februarie kan daal en van Maart af weer ‘n stygende tendens kan volhou. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Februarie ongeveer 67/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R60/kg en nie hoër as R75/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO

# RPO Markverslag


## Week 04 van 2026

Week geëindig op 23 Januarie 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 23 Januarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R50.40 | 0.6% | -0.8% | 21.9% |
| A2 (R/kg) | R108.58 | -1.8% | -4.1% | 13.9% |
| B2 (R/kg) | R84.87 | 0.2% | 1.2% | 18.6% |
| C2 (R/kg) | R83.56 | 0.7% | -3.1% | 24.4% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 4 met 0.6% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 21.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die mark bly verhandel redelik sywaarts op die stadium. Die verwagting is dat die prys in ‘n stygende tendens kan gaan vanaf Februarie soos die aanbod op stoorlammers verminder. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Februarie ongeveer R51/kg te wees, terwyl dit nie laer as R47/kg en nie hoër as R56/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 4 met 1.8% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 13.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys word veroorsaak deur `n swakker vraag, wat normaal is gedurende Januarie, maar ook weens uitvoerbeperkings weens slenkdalkoors in die Noord-Kaap verlede jaar en daar word nog gespook om die uitvoerpermitte weer reg te kry. Die verwagting is dat die prys ‘n dalende tendens kan volhou tot in Maart. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Februarie ongeveer R110/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R99/kg en nie hoër as R123/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*